



Hier is die lede van die NNS saam met prof Piet Steyn (agter ver regs), Waarnemende Senior Direkteur: Navorsing (Natuurwetenskappe), gedurende die NNS se besoek aan die US. Van links agter is dr Andrew Kaniki, Uitvoerende Direkteur: Kennisvelde-ontwikkeling; dr Albert van Jaarsveld, Visepresident en Besturende Direkteur: Navorsing, en Inligtingsteun en -bevordering; dr Robin Drennan, Uitvoerende Direkteur: Toelaebestuur en Stelseladministrasie; en prof Steyn. Voor is me Joyce Olivier, Bestuurder: Monitoring en Evaluering; en me Kealeboga Lethlaku, Skakelbeampte: Monitoring en Evaluering

(Hennie Rudman, SSFD)

Hoëvlakafvaardiging van die Nasionale Navorsingstigting besoek Stellenbosch

'n Groep van vyf senior Nasionale Navorsingstigting-bestuurslede (NNS) het die US op Donderdag, 14 Augustus, vir 'n interaktiewe inligtingsessie met navorsers besoek.

Dr Albert van Jaarsveld, die NNS se Visepresident en Besturende Direkteur: Navorsing en Inligtingsondersteuning en Ontwikkeling, het 'n aanbieding oor beoogde verbetering aan die NNS se evalueringstelsel gegee. Sy aanbieding het gefokus op ses aanbevelings voortspruitend uit 'n ondersoek wat Higher Education South Africa (HESA) in 2007 oor die evalueringstelsel ingestel het, naamlik dat:

- die evalueringstelsel behou moet word, maar skerp op uitnemendheid moet fokus;
- die NNS volle verantwoordelikheid vir die verspreiding van akkurate inligting oor die werking van die evalueringstelsel moet neem;
- evaluering direk aan befondsing gekoppel moet wees;
- die NNS, in konsultasie met sy belangegroep, aandag moet skenk aan kritiek teen verskeie aspekte van die evalueringstelsel, byvoorbeeld evalueringkategorieë, vereenvoudiging van prosesse, deursigtigheid en terugvoering;
- die NNS en HESA saam druk moet uitoefen vir voldoende befondsing om die evalueringstelsel in stand te hou; en
- daar interaksie tussen die Departement van Wetenskap en Tegnologie, die Departement van Onderwys, HESA, die NNS, en ander belangegroep moet plaasvind om te verseker dat daar belyning is betreffende die erkenning en beloning van navorsingsuitsette.

Dr Rob Drennan, Uitvoerende Direkteur: Toekenningsbestuur en Stelseladministrasie, het 'n aanbieding gelewer oor befondsingsgeleenthede by die NNS. Hy het onder andere meer inligting oor vyf nuwe programme verskaf, naamlik:

- aansporingsbefondsing vir gegradeerde navorsers,
- mededingingsondersteuning aan ongegradeerde navorsers,
- navorsing aangespoor deur weetgierigheid (Blue Sky),
- Samewerking met Nasionale Fasiliteite en
- beloningsprogram (Nasionale Fasiliteite).

Vir meer inligting oor NNS-befondsing en -evaluering, tree gerus met Maléne Fouché by mfouche@sun.ac.za (tel 021 808 4622), of Maryke Hunter-Hüsselman by mh3@sun.ac.za (tel 021 808 4623) in verbinding.

SU-India relations

A new thrust in international partnerships

"A significant step in formalising strategic partnerships with one of the giants of the southern hemisphere and a new thrust in expanding Stellenbosch University's international relations."

With these words Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University (SU), welcomed representatives of the Indian government and leading entrepreneurs of the Indian continent to an Indian evening held at the Wallenberg Research Centre at STIAS last night as part of the India/South Africa science and technology collaboration.

The event was attended by the High Commissioner of India, Mr Ravij Kumar Bhatia, and Minister and Head of the Indian Office in Cape Town, Mrs Ruchira Kamboj, who has been instrumental in a range of initiatives between SU and the Indian government. These initiatives are regarded as the launching pad for the formalisation of linkages between the University and higher education institutions and research institutes in India.

Earlier this year Mrs Kamboj and the Rector discussed an array of possible joint ventures between Stellenbosch University and India.

"The funding of a semester chair at the University by the Indian government was one of the initiatives proposed during this meeting," said Ms Samantha Walbrugh-Parsadh, Assistant Director of the International Office.

A further initiative was the donation of about 325 books to the University's library.

According to Ms Ellen Tise, Senior Director: Library and Information Services, the book donation from India is highly appreciated

because it has become very difficult for the library to afford international publications owing to increases in the prices of books and to exchange rate fluctuations.

"Due to the increase in book prices and exchange rate fluctuations – about 95% of books that are ordered annually for the University's libraries are overseas publications – most libraries, especially in developing countries, are barely

"India's strengths lie in science and technology and, as a research-driven University, it's very important for us to interact and share knowledge with each other."

- Ms Samantha Walbrugh-Parsadh

managing to improve their book collections significantly and to purchase new books. When the Library and Information Services was approached regarding the Indian book donation, we immediately said that we'd take everything on the list, as we didn't stock most of the books on that list," explained Ms Tise.

"This collection is a huge acquisition for the Library and Information Services, and the

material will be of great value to both students and researchers in the social sciences, economics and literature," she said.

Ms Walbrugh-Parsadh said that, in addition, the University has also been asked to nominate academics from this institution who would be able to participate in an Indian Fellowship Programme for a period of research and/or teaching of between three and 12 months in India.

"The collaboration between Stellenbosch University and India is also very important in light of the India Brazil South Africa science-and-technology network (IBSA) because here we have two countries that have an interest in each other and that can learn and benefit from the various components of this relationship. India's strengths lie in science and technology and, as a research-driven University, it's very important for us to interact and share knowledge with each other," Ms Walbrugh-Parsadh said.

■ The occasion was also attended by representatives of TATA Africa. Mr Raman Dhawan, Managing Director of TATA Africa, awarded 10 TATA Africa Scholarships to postgraduate students at Stellenbosch University. These scholarships cover the students' tuition fees, subsistence (stipend), books and

Some of the initiatives that make up the SU-India partnership include:

- the funding of a semester chair at SU by the Indian government,
- the selection of three academics from SU to participate in a fellowship programme of between three and 12 months,
- and the donation of 325 books to the SU library.

Stellenbosch en Hugenote Kollege werk saam in die Boland

'n Ooreenkoms tussen Hugenote Kollege (HK) in Wellington en die Universiteit Stellenbosch (US) gaan die Universiteit help om die programme wat hy aanbied verder in die Boland uit te brei. Die Raad van die Kollege het onlangs 'n aanbod van die US aanvaar om 'n akademiese tuiste aan die Kollege te bied.

Die twee instellings beoog om so gou moontlik te begin met gesamentlike akademiese beplanningsakti-

witeite met die oog daarop om vanaf 2010 US-programme en -kwalifikasies by Hugenote Kollege aan te bied.

Volgens prof Johan Viljoen, Rektor van Hugenote Kollege, bied die US-aanbod verrekende moontlikhede sover dit die Kollege se visie en missie betref. Prof Viljoen verduidelik dat die Kollege hierdie toekomstige samewerking as 'n vennootskap beskou waardeur die land se behoeftes aan dienslewering binne die maat-

skaplike diensprofessies nog beter gedien kan word.

"Gegewe die besondere statuut en posisionering van die US, sowel nasionaal as internasionaal, sien HK met groot verwagting daarna uit om vanuit sy eie besondere konteks 'n unieke bydrae te lewer," sê hy.


Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel van die US, sê die Universiteit beskou

die toekomstige samewerking met Hugenote Kollege as 'n saak van strategiese belang, veral weens die herposisioneringsproses waarmee die US tans besig is. In die proses word daar onder meer klem gelê op die rol en teenwoordigheid van die Universiteit in die streek, die plattelandse omgewing en plaaslike gemeenskappe.

"Hugenote Kollege is nasionaal goed bekend en het 'n unieke geskie-

denis wat oor meer as 'n eeu strek. Met sy voor- en nagraadse programme in maatskaplike werk, gemeenskapsontwikkeling en ander sosiale diensprofessies, lewer die Kollege gegradueerdes op terreine wat van kritieke belang vir ons land is. Deur die beoogde vennootskap met die Kollege beoog die Universiteit om sy eie aktiwiteite op hierdie terreine verder uit te bou en te versterk," sê prof Smith.

Op die Web / On the Web: <http://www.sun.ac.za/kampusnuus>



NEWS

Maritime security conference held at STIAS

3



NUUS

US ontvang waardevolle bedryfsielkunde-versameling

4



VISITORS

International sport psychology professor learns from SA

5



KUNS

Musiek, konserte en baie om te lees

7



MENSE

Alles in die hande – ons praat met Martini Nel

8

VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



Nou die dag praat ek met 'n vriendin wat vertel hoe sy die dae af tel terwyl sy die somer in wag. Sy verduidelik hoeveel rustiger dit nou op kantoor gaan namate ons nader aan die jaareinde beweeg. Ek moet bieb, hier by ons is als nog in rep en roer soos dit gewoonlik gebeur met die intrapslag aan die begin van die jaar. *Stilte* is 'n woord wat ek met die begin van elke jaar vergeet en eers weer in die Desember vakansie onthou.

Maar dit is hoe ek dit verkies. Wie wil nou heeldag by die venster sit en uitkyk en die ure tel voor huis toe gaantyd? Ek verkies die uitdagings, die spertye wat party dae onhaalbaar voel, die geselsies sommer so in die verbyloop oor projekte en geleenthede wat nog beplan moet word, en die e-posse wat soms dreig om my te oorweldig maar my altyd langs nuwe, interessante paaië lei.

Die Universiteit self is ook besig om nuwe geleenthede aan te pak. Lees gerus meer oor so 'n geleentheid – die onlangse samewerkingsooreenkoms wat die US met die Indiese regering en hoër onderwysinstansies aangegaan het – op bladsy 1. Daarbenewens sal die Universiteit, deur middel van 'n ooreenkoms wat die instansie met Hugenote Kollege gesluit het, in 2009 studieprogramme vir studente in die Wellington-omgewing aanbied (ook op bladsy 1).

Ons het met dr Potgieter (bladsy 3) gesels om meer oor maritieme veiligheid te leer en vas te stel waarom dit steeds belangrik is om maritieme veiligheid in 'n tyd van vrede te versterk. Let op die aantal bestuurskuiwe wat by Ingenieurswese gemaak is (ook op bladsy 3). Op dieselfde bladsy kan jy lees van die nagraadse Skryfhelpgroep wat onlangs gestig is.

Die Universiteit het 'n waardevolle dokumentversameling van oudprofessor Ignatius Raubenheimer ontvang wat nou in die JS Gerickelbiblioteek gehuisves word. Personeel en studente aan die Departement Sielkunde en Bedryfsielkunde sal uit die skenking voordeel trek. Lees hieroor op bladsy 4.

Op bladsy 5 praat ons met die Amerikaanse Sportsielkundige en Direkteur van die Institute for the Study of Youth Sports in die Departement Kinesiologie, Michigan State University, oor sy besoek aan Suid-Afrika en alles wat hy hier oor jeugsport geleer het.

As jy 'n saamrygeleentheid soek of iets te koop het, is dit soos gewoonlik op bladsy 6 te vinde. Vir musiekkonserte, toneelopvoerings en boeke kan jy gerus na bladsy 7 blaai.

Op bladsy 8 praat ons met een van die Universiteit se eie *survivors* oor haar nuwe boek en haar jarelange stryd teen kanker. Maak seker jy ontmoet hierdie wondervrou!

Met die mondvul wat ek hier gedeel het, is dit duidelik dat die US en sy mense alles behalwe *stil* is.

Lynne

KAMPUSKLETS

OPPIE ROOIPLEIN!

Imagine a university...

Imagine a university where every student mattered to every professor, and where no student graduated without having spent quality time with a senior lecturer, as academic mentor and personal guide. Imagine, then, a university where no student ever experienced snide remarks or insulting "put downs" or evasive replies from lecturers; where all students were constantly reminded of their limitless potential for learning and achieving – for being.

Imagine a university in which the entire physical, social and intellectual infrastructure was organised around the needs and interests of students; where all students graduated with a profound sense of their human value and dignity because of their undergraduate experience at that university.

Imagine a university where academics refused to draw a distinction between equity and excellence; where academic excellence was inextricably linked to attaining equity ideals. Imagine, in that context, a university where first-year students

saw powerful women role-models in the university leadership at all levels, and wanted to aspire to such noble service.

Imagine a university that strove to inculcate a sense of service responsibility in their students to the benefit of their communities – graduates determined, through their training, to redress the grinding poverty, illiteracy, and infections around them. Imagine them taking a gap year not to "find themselves" but to "find others" in need of help.

Imagine a university management that did not impose its institutional budget on scholars, who did not tell them what they could *not* do; whose very act of managing public resources was designed to answer the all-important question: What is *worth* doing in the first place?

Imagine a university that did not wait until high school graduates arrived at its gates to tell them they were not good enough, but one that stretched its formidable knowledge and resources into struggling schools to ensure that when students did

show up, they were found to be good enough.

Imagine a university where the social relationships between black and white students reached beyond lecture halls and laboratories; where enduring friendships, across the accident of skin colour, were forged and celebrated beyond the university experience. Imagine, if you could, a university founded on a cosmopolitanism which, in times of crisis or calm, could easily dissolve the stubborn divide created by language, ethnicity, race, religion or nationality.

Imagine a university that in all of its disciplines – whether psychology or palaeontology, economics or chemistry – placed compassion at the centre of its curriculum; where cynicism about others was replaced by commitment to all. Imagine, in that sense, a university that used student assessment data to improve learning rather than make final judgements about human capacity.

Imagine a university where every young academic could see a rewarding career in academia because

of unlimited investment in the potential of a promising scholarship; where from the first day of her appointment, a young woman academic understood that she was surrounded by mentors (as her cheerleaders) who shared advice, offered resources, developed teaching and publication potential, and provided exposure.

Imagine a university where every secretary, cleaner and gardener on campus could identify with the values of the institution; where every worker had an opportunity to develop, to study further, and to benefit in every way from what the university offered – lifelong learning.

Imagine a university where communities from informal settlements could make the same claims for their children concerning ownership and participation as the children of well-heeled alumni from upper middle-class schools who regarded education at that university a birthright.

– Prof Jonathan Jansen
Former Dean of Education,
University of Pretoria

Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en Kampusklets oppie Rooiplein is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

E-POS AAN LYNNR@SUN.AC.ZA

Waarom is Babin as voorskooldiensverskaffer gekies?

Verlede week se *Kampusnuus* kondig op sy voorblad aan dat die US 'n ooreenkoms met Babin as sy kindersorg-fasiliteit bereik het. Ofskoon dit as 'n mylpaal beskou kan word, wys ons graag daarop dat die Kindersorg-projekspan in 2006 'n massavergadering met ouers gehou het waar ouers aangedui het dat hulle 'n fasiliteit verlang waarvan die universiteit eienaarskap sal neem. Daarna is 'n stel tenderkriteria opgestel, waarvolgens tenders ontvang is. Slegs drie aansoekers is op die kortlys geplaas, en Babin was een van hulle.

Nadat onderhoude met die aansoekers gevoer is en 'n kosteberaming gedoen is, was dit duidelik dat nie een van die tenders aanvaar kon word nie, tensy die US die salaris van 'n paar personeellede sou betaal. Die US-bestuur was nie bereid om dit te doen nie. *Al drie* aansoekers is toe in kennis gestel dat hul tenders onsuksesvol was, en die Projekspan is ontbind. Daarna het die US-bestuur eendydig besluit om Babin as die voorkeurdienverskaffer aan te wys, dit nadat die Projekspan konsensus bereik het dat die tenderproses van voor af moes begin, en Babin se tender reeds van die hand gewys is. Ons het sonder sukses gepoog om die saak met die US-bestuur op te neem.

Silvertrees, die perseel wat nou aan Babin toegeken is, is een van drie persele wat Babin vir kinders van verskillende ouderdomsgroepe bedryf. Dit bevoordeel Babin dus bo ander aansoekers wat slegs van Silvertrees gebruik sou

moes maak. Die Vroueforum het die Projekspan se proses gesteun. Die aanwys van Babin as diensverskaffer verander niks aan die status quo vir ouers aan die US nie, omdat dit gesien word as 'n fasiliteit wat nie aan die US behoort nie. Ons sou graag 'n reaksie van die bestuur wou hê.

Prof Amanda Gouws en prof Rona Newmark
Lede van die Projekspan

Prof Julian Smith: Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, antwoord:

Die argumente is aan my bekend en ek het al op verskeie fora daarop gereageer. Voorts verswyg die skrywers ongelukkig die omvattende en inklusiewe pogings wat aangewend is en die ekstensiewe bronne wat in die proses oor verskeie jare sonder sukses belê is om in personeel en studente-ouers se behoeftes te probeer voorsien. Hulle verwys ook nie na hulle voorkeur met betrekking tot die opvoedkundige model wat na hulle mening gevolg behoort te word nie.

Nadat die tenderproses voltooi is, het ek my bestuursprerogatief gebruik om te versoek dat 'n model met Babin as vennoot ondersoek word met die doel om 'n meer omvattende kindersorgdiens te lewer. Die bestuur het dit gesteun en as vereiste gestel dat die Vroueforum tot die model behoort in te stem. 'n Konsep ooreenkoms is opgestel en deur 'n aantal terugvoerrondes gevoer, wat elke keer die US Vroueforum (USVF) ingesluit het. 'n Aanhangsel van die ooreenkoms ten opsigte van Gehaltebeheermaatreëls by die kindersorgfasiliteit is deur

die USVF verwoord. Die samewerkingsooreenkoms is onderteken nadat alle partye, insluitende die USVF, hulle tevredenheid met die finale formulering te kenne gegee het. Die voorsitter van die USVF was teenwoordig tydens die ondertekening van die samewerkingsooreenkoms.

Die uitkoms is nie die een wat aanvanklik ten doel gestel is nie. Dit is eger die een wat potensieel die grootste en beste diens aan die Universiteitsgemeenskap kan lewer, onder meer deur effektiewe gehalteversekering en verdere stelselmatige opgradering. Die alternatief was om terug te keer na 'n situasie gekenmerk deur onrealistiese verwagtinge van enkelinge.

US-Koorberig verwar

Die berig op bladsy 7 van 31 Julie se *Kampusnuus* oor die US-Koor het betrekking: Baie geluk aan André van der Merwe en die US-Koor met hul uitstekende prestasie in Oostenryk en die koor se huidige plasing op die Wêreldranglys. Dit is beslis iets vir die US om op trots te wees. Baie dankie aan Lydia Meier vir al haar harde werk die afgelope jaar om alles te organiseer, en ook haar toeleiding.

In dié berig, asook 'n berig wat in die tweede kwartaal voor die Koor se vertrek verskyn het, word die "finansiële ondersteuning" wat die Koor ontvang het, gebrekkig voorgestel.

In die eerste berig is genoem van fondse wat die Rektor bewillig het (R100 000) asook geld wat uit die Thomfonds (R50 000) en die Het Jan Marais-fonds (R50 000)

(vervolg op bladsy 3)

Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan lynn@sun.ac.za, of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800.

Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word. Die beste brief wen 'n prys.



Maritime security conference highlights challenges for African countries

Stellenbosch University recently held an international Maritime Security in Southern African Waters Conference in a bid to contribute towards the international maritime security debate and to make maritime security a more important part of academic and security agendas in Southern Africa. Kampusnuus spoke to Commander (Dr) Thean Potgieter of the Centre for Military Studies (CEMIS) at the University's Faculty of Military Science to find out why maritime security is still important in times of peace.

According to Dr Thean Potgieter, maritime security is not only important in times of war. As far as maritime security is concerned, navies must be vigilant at all times. For that reason, he said, the Maritime Security Conference offered valuable insight into various challenges facing countries in the region.

Participants came from Namibia, Kenya, Mozambique and Germany, and focused on issues such as port security, the protection of resources at sea (including energy and fish resources), smuggling, human trafficking, piracy, the economic value of our trade and maritime interests, the maritime interests of the region, policing, the role of navies, and navies and peace operations.

Dr Potgieter explained that maritime security in South Africa is dependent on a variety of structures that includes various role-players. However, according to media reports, the country lacks a "comprehensively encompassing and cohesive maritime policy". That can

lead to duplication of effort and leave gaps in the security system.

"Ensuring security in the maritime domain requires awareness of the value of our maritime interests, the gathering of information about aspects that threaten security in the domain, the necessary structures and organisation to secure the domain and, most importantly, good coordination between the huge number of role-players that function in this domain," said Dr Potgieter.

The problems facing Southern African countries are not unique. "Maritime security is an international problem. It is also increasingly becoming an African problem, and various African countries are being confronted with security problems in the maritime domain. For this reason, international and regional cooperation is extremely important," he said.

Dr Potgieter said the conference that was organised in cooperation with the Dresden Technical University in Germany, the Security Institute for Governance

and Leadership in Africa, the SU and the CEMIS also generated a lot of media attention. That, he believed, bore testimony to the interest in maritime security both locally and abroad.

"We also wish to emphasise that much of the wellbeing of South Africa and that of the subcontinent are dependent on the sea, as the bulk of our international trade and by far most of Southern Africa's trade passes through South African ports. Inevitably, the economic stability and development of the subcontinent are closely linked to maritime security."

The conference was considered vital in terms of its focus on maritime resources – which contributes much towards sustained development and food security in southern Africa. Maritime resources are underutilised and threatened, and the lack of maritime security along the extended African coastline is a significant threat to security in Africa and to the entire shipping industry. The conference emphasised the



A conference on maritime security was recently held at the Wallenberg Research Centre at Stias in Stellenbosch. At the back from the left are Lieutenant-General Thamba Templeton Matanzima, Prof Major-General (retired) Solly Mollo, Prof Reiner Pommerin and Prof Renfrew Christie. In front from the left are Mr Somangamane Benjamin Ntuli, Mr Leonard Ramatlakane, Vice-Admiral Johannes Mudimu, Prof Edna van Harte and Rear-Admiral (JG) Derek Christian (Anton Jordaan, SSFD)

importance of southern African seaways and maritime security in general, and adopted a multi-faceted approach to security. Senior role-players from government, the region, the SA Navy, Marine and Coastal Management, the SA Police Services, universities and the private sector contributed to the conference.

"We succeeded in involving a number of other African states and had positive feedback from members of the Parliamentary Portfolio Committee for Defence. The conference indicated that there was a gap between policy formulation and the ways and means to enforce that policy. That required a paradigm shift away from landward security and political issues as exclusive focus areas to the neglected domain of maritime security," Dr Potgieter said.

According to the Dean of the Military Faculty, Prof Edna van Harte, it is strategically important for the Faculty

to facilitate conferences of this nature and to make available the experts and knowledge within the Faculty to other role-players both locally and abroad.

"The conference was a huge success and the feedback we received from those who attended, indicated that everyone had learned something new. In addition, the media attention helped to raise broader public awareness around maritime security," she said.

"The conference did not only highlight the complexity of maritime security, but reminded us that the coast along Africa is quite vast and with the limited resources that are available, it is difficult to properly police our shores. The conference emphasised a lot of the challenges we face, but also showcased the number of successes we have had. However, there is still a need for a more integrated policy approach for more effective policing of our waters."

Leierskapprogram van USB-BO en die CCL behaal groot sukses

Die leierskapontwikkelingsprogram (LDP) van vyf dae wat USB Bestuursontwikkeling Beperk (USB-BO) en die internasionaal erkende Center for Creative Leadership (CCL) onlangs vir plaaslike en Suider-Afrikaanse besighede en parastatale organisasies aangebied het, was uiters suksesvol en leersaam.

Dit was die eenparige mening van 24 sakelui wat die program bygewoon het. Die program, wat by die Mont Fleur-konferensiesentrum naby Stellenbosch aangebied is, was die eerste CCL-leierskapprogram in Suid-Afrika, en was daarop gemik om hierdie spesifieke program na die res van Afrika uit te brei.

Die CCL, wat uitsluitlik op leierskap fokus, en kampusse in Amerika, Europa en Asië bedryf, het onlangs die agste plek op die *Financial Times* se jaarlikse internasionale ranglys vir presterende bestuursopleidingsinstansies behaal, met USB-BO in die 45ste plek.

Dit was uit 'n totaal van ongeveer 3 500 sakeskole oor die wêreld heen.

Me Melissa Leicester van Momentum, wat die program bygewoon het, sê dit was 'n wonderlike ondervinding en het haar nooit aan 'n klas-kamersituasie herinner nie. Die program bied 'n goeie mengsel van teorie en praktiese werk. Dit het haar veral gehelp om die tipe leierskapkwaliteite waarvoor sy beskik te begryp, asook hoe om dit in die praktyk toe te pas.

Sy meen dit is wonderlik om internasionale insette oor leierskap te bekom en te sien hoe hierdie eienskap in ander dele van die wêreld vertolk en na waarde geskat word. "Die program was werklik leersaam en gaan beslis my loopbaan aanhelp," sê sy.

Mnr Henry Chandler van Sasol sê dat die internasionale standaard van die program baie hoog is en dat dit lekker is om hierdie tipe blootstelling plaaslik te geniet. Die konsep van persoonlike ontwikkeling, en hoe dit na

die sakeomgewing deurgetrek kan word, was nie net interessant nie, maar ook geweldig leersaam.

"Die een uitstaande kenmerk van die program is dat dit op die grondslag van afrigting geskied en by leierskapontwikkeling geïntegreer word," sê hy.

Mnr Frikkie Burger van Medi-Clinic sê dat die CCL-program oor die hele Suid-Afrika aangebied behoort te word.

"Dit behoort as 'n belegging in mense gesien te word. Wat so uniek omtrent die program is, is dat dit nie bloot 'n klasoefening is nie. Nadat jy die program afgehandel het, is daar heelwat terugvoering, en die afrigters help jou om doelwitte te stel en dit te bereik."

Die program is op 'n unieke fasiliteeringsmodel gebaseer, uniek in dié opsig dat daar twee fasiliteerders en altesaam 12 afrigters is wat die 24 deelnemers afrig, en die proses min-

stens 10 weke na afloop van die program voortsit.

"Ek komplimenteer graag die USB-BO en die CCL met die program," het mnr Burger ter afsluiting gesê.



USB-BO het ook 'n ete aangebied by De Volkskombuis en dit is onder andere bygewoon deur mnr Frik Landman, USB-BO se Uitvoerende Hoof; mnr Al Calarco, CCL Europa Groepbestuurder van Individuele Leierskapontwikkeling; me Nathalie Pothier, 'n CCL-afrigter van Brussel; mnr Patrick Stichelmans, CCL Hoofassesseerder en -afrigter; mnr Simon Rweyongoza, CCL-projekbestuurder vir Afrika; en prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing aan die US

Brieweblad (van bladsy 2)

bewillig is. Dit was so bewoerd dat die fondse die droom van 85 koorlede sou laat waar word. In die tweede en laaste berig meld Lydia Meier weer "die finansiële ondersteuning van 'n aantal mense en organisasies" en noem enkele name en instansies.

Dis sover my kennis strek die name/fondse wat bygedra het tot die reeds genoemde R200 000. Volgens my somme moes die direkte begroting vir die toer in die orde van R1.5 miljoen gewees het, uitgesluit die fondse wat elke lid moes hê vir addisionele uitgawes. Dan draai ons al by R1.8 miljoen. Op die direkte begroting 'n verskil van ten minste R1.3 miljoen, plus dan 'n moontlike verdere R0.3 miljoen.

Nêrens word erkenning gegee of dankie gesê aan die bydraers van die oorgrote deel van die uitgawes nie. Indien iemand gewonder het? Die geld is betaal deur die ouers en van die studente self wat gewerk het om dit moontlik te maak. Uit my sak het dit R22 000 gekos aangesien my kind nie kon deel in die fondse wat die Koor ontvang het nie. Van die ouers wat ek ken het geld geleen of hul huisverband vergroot om dit te bekostig. Geld wat lank vat en duur is om terug te betaal. Ek het my verlof verkoop om dit moontlik te maak.

Hoekom word hierdie "borge" wat gehelp het om die US se koortoer moontlik te maak, nie ook erken nie?

Koor-ouer

Lydia Meier, US-Koorbestuurder antwoord:

Daar is by die koorlede en die koorbestuur groot waardering vir die finansiële opoffering van ouers, en ook hul geduld met die ekstra kooroefeninge wat die oorsese kompetisie voorafgegaan het. Ek het nagelaat om dit in die onderhoud met Kampusnuus te noem, aangesien slegs enkele koor-ouers werknemers is van die universiteit en die maandblad ontvang. Ouers sal op gepaste wyse bedank word by die koor se gala-konsert in Oktober.

Postgrad writing group gains ground

Two groups of postgraduate Political Science students have been meeting once a week throughout the academic year to help each other grow as academic writers, among other things by providing constructive critical feedback on each other's work. At the same time, they have been motivating and supporting each other, not only academically, but also emotionally.

These meetings are part of the Postgraduate Writing Support Group Initiative introduced by the Writing Laboratory of SU in early 2007. This initiative allows University departments to have their own writing support groups, while maintaining close contact with, and receiving support from, the Writing Laboratory.

When the initiative was introduced last year, a group of postgraduate Political Science students was the first to recognise the potential benefits of belonging to a writing support group, and one was set up by the English and Afrikaans Unit Heads of the Writing Laboratory – Ms Rose Richards and Ms Sharifa Daniels – who personally provided the initial leadership and

guidance required by the group.

"We see writing support groups as another intervention to help postgraduates develop their own critical reading and writing abilities and allow them to play a role in each other's development," Ms Daniels said.

This year, Political Science students again showed a healthy interest in the initiative and two groups were formed, facilitated by one of last year's group members, who also acted as the link between the groups and the Writing Laboratory.

The Unit Heads of the Writing Laboratory were the drivers of the initiative from the beginning. Ms Daniels said that in their work with postgraduate students they realised that there were opportunities to assist students beyond their usual services of writing consultations and workshops.

Ms Richards agreed, and added: "For me, the Writing Group was an opportunity to help postgraduates develop skills that are essential to their surviving postgraduate studies and even important later on, professionally."

Students not only gain by having issues identified in their own work upon which they might improve, but also by identifying these same issues in the work of their peers.

Group members have provided very positive feedback on their experiences in the writing support groups so far, especially foreign students who have been eager to use this service that is free to all staff and students.

Camilla Hansen, a Norwegian student, said that she had learnt a lot about writing in general and that students had been made aware of the strengths and benefits of style and structure. "We also discussed issues that arose as we produced work, especially technical and structural pitfalls, and matters concerning the academic content of our work. It has also been a place where we could air our thoughts and let out steam and frustrations about our studies and study-related topics."

As part of the development process of the writing support groups, the Political Science students have provided feedback on their experiences during

(turn to page 5)

Saam met prof Naas Raubenheimer (derde van links) by die oorhandiging van die Raubenheimerversameling is dr Willem de Villiers van die Departement Bedryfsielkunde; me Mimi Seyffert, Hoof: Spesiale Versamelings aan die US Biblioteek- en Inligtingsdiens; me Elda Nolte, Assistent-direkteur: Kliëntediens aan die US Biblioteek- en Inligtingsdiens en prof Johan Malan, Voorsitter van die Departement Bedryfsielkunde

(Anton Jordaan, SSFD)



Oudprofessor skenk belangrike bedryfsielkundeversameling aan US

Prof Naas Raubenheimer, 'n voormalige professor in die Departement Bedryfsielkunde vanaf 1974 tot 1978, het onlangs 'n uiters waardevolle en onvervangbare dokumentversameling aan die Universiteit Stellenbosch (US) geskenk.

"Prof Raubenheimer is een van die leiersfigure in die ontwikkeling van die Sielkunde in die algemeen en die Bedryfsielkunde in die besonder," sê prof Johan Malan, Voorsitter van die Departement Bedryfsielkunde.

Volgens prof Raubenheimer het hy besluit om die versameling aan die Universiteit te skenk omdat hy bewus is van die hoë premie wat die Universiteit op die generering en bewaring van kennis plaas.

"In my verbintenis met Stellenbosch oor die jare heen is dit telkens bevestig dat Stellenbosch by uitstek 'n sentrum van geleerdheid is, waar die generering en bewaring van kennis waarskynlik die belangrikste bestaansrede van die Universiteit is. Hierbenevens is dit ook so dat die Bedryfsielkunde se begin en vroeë ontwikkeling juis op Stellenbosch sy beslag gekry het. Al die ander universiteite in Suid-Afrika het in die voetspore van Stellenbosch gevolg," vertel hy.

Hy hoop ook dat beide studente en personeel voordeel hieruit kan trek.

"Daar bestaan 'n groot behoefte aan navorsing oor die historiese ontwikkeling van die Sielkunde en Bedryfsielkunde in Suid-Afrika. Min is nog hieroor gepubliseer. Die versameling bevat heelwat inligting wat vir hierdie doel benut kan word," sê hy.

Prof Raubenheimer het sy Doktorsgraad aan die Purdue Universiteit in die VSA behaal en het daarna as Senior Lektor, en later as Professor aan UNISA, begin werk. Hy het ook as Voorsitter van die Departement Bedryfsielkunde aan die US in 1977 en 1978 gedien. In 1979 het hy by die Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg) aangesluit om die Departement Bedryfsielkunde daar te vestig. Prof Raubenheimer het later Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die Randse Afrikaanse Universiteit geword.

"Gedurende sy loopbaan het prof Raubenheimer besonder belanggestel in die geskiedenis van die Sielkunde en Bedryfsielkunde in Suid-Afrika en intensiewe navorsing daarvoor gedoen," verduidelik prof Malan.

Prof Raubenheimer was ook aktief betrokke by die verenigingslewe in die Sielkunde-professie. In 1979 het hy 'n opdrag ontvang om die moontlikheid te ondersoek vir die samesmelting van die Suid-Afrikaanse Sielkundevereniging (SASV) en die Sielkundige Instituut van die Republiek van Suid-Afrika (SIRSA). "Laasgenoemde vereniging was op daardie stadium net toeganklik vir blanke lede van die professie en het as 'n sogenaamde wegbreekinstituut ontstaan uit reaksie op 'n besluit van die SASV om ook persone van kleur as lede toe te laat," verduidelik prof Malan.

"Hierdie deel van die geskiedenis

"In my verbintenis met Stellenbosch oor die jare heen is dit telkens bevestig dat die US by uitstek 'n sentrum van geleerdheid is, waar die generering en bewaring van kennis waarskynlik die belangrikste bestaansrede van die Universiteit is."

– Prof Naas Raubenheimer

van die Sielkunde in Suid-Afrika is vir die jonger generasie in die professie onbekend en sal beslis verlore gaan as die gebeurtenisse daarom nie tydig opgeteken word nie."

Prof Raubenheimer het onverpoosd aan die opdrag gewerk, en dit het uiteindelik tot die totstandkoming van die Sielkunde Vereniging van Suid-Afrika in die vroeë jare tagtig gelei.

"Hy het die eerste President van hierdie nuwe Vereniging geword en kan tereg as argitek van die huidige professionele struktuur van die Sielkunde in Suid-Afrika beskou word," sê Prof Malan.

Gedurende sy navorsing oor die

geskiedenis van die Sielkunde en Bedryfsielkunde in Suid-Afrika het prof Raubenheimer die land deurkruis om onderhoude te voer met letterlik elke persoon wat 'n rol in die vestiging van die dissipline vervul het. Hy het ook 'n gestruktureerde vraelys afgeneem by almal wat tot ongeveer 1980 as Bedryfsielkundiges by die Beroepsraad vir Sielkunde as Bedryfsielkundiges geregistreer was.

Weens werksdruk en ander verpligtinge kon prof Raubenheimer nooit die geskiedenis opteken nie en het al hierdie inligting slegs in dokumentvorm behoue gebly. Om hierdie rede het hy al sy dokumentasie aan die US geskenk, veral aangesien hy oor die jare heen steeds 'n besondere affiniteit met die Universiteit, en spesifiek die Departement Bedryfsielkunde, gehad het.

"Hy was, terloops, ook die afgelepe drie jaar die eksterne moderator van die Departement – 'n taak wat hy met besondere deeglikheid verrig het. Die dokumentasie was in die Departement Bedryfsielkunde gehuisves, maar was ongeorganiseerd. Daar was ook 'n beduidende risiko dat dit verlore sou gaan weens die migrasie van departementele op die kampus, en die onvermydelike aftrede van al die ander rolspelers wat nog iets van die versameling weet. Die Departement het ook nie die personeel om die versameling te bestuur en die veilige bewaring te verseker nie," vertel prof Malan.

Om hierdie rede, sê hy, is die JS Gericke Biblioteek genader om die versameling op te neem. "Die versameling bestaan uit notules van vergaderings, oudiobande, geskrifte, korrespondensie, artikels, tesisse en proefskrifte, en ander geskrewe dokumentasie."

"Die Sielkunde en Bedryfsielkunde het hulle grondslag gevind aan die Universiteit Stellenbosch en dit is gepas dat die versameling hier gehuisves word.

Die verwagting is dat verskeie studente in die versameling sal belangstel en dit vir navorsing sal kan benut, en dat die geskiedenis van die Sielkunde en Bedryfsielkunde mettertyd behoorlik gedokumenteer sal word," sê prof Malan.

'Icy environment' a valuable learning ground

SU staff member Mawethu Nyakatya heard about sub-Antarctic Marion Island for the first time six years ago. Until then he knew nothing about the remote volcanic island in the southern Indian Ocean, part of the Prince Edward Islands group, and South Africa's most southerly territory.

Mawethu was completing his honours degree in Botany at the then University of Port Elizabeth when he spotted an e-mail calling for field workers "in an icy environment" to be part of the South African National Antarctic Programme (SANAP) of the Department of Environmental Affairs and Tourism.

